# RIGLYNE VIR DIE PREDIKING OOR WYSHEIDSLITERATUUR, TOEGESPITS OP DIE BOEK SPREUKE

H.F. van Rooy
Departement Semitiese Tale
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Abstract

*The aim of this paper is to give guidelines for preaching on the wisdom literature of the Old Testament, concentrating on the book of Proverbs. As background for the guidelines, wisdom and wisdom literature are defined and attention is given to the forms of wisdom literature, problems regarding the preaching on wisdom literature and relevant information on the book of Proverbs. In many circles Proverbs is largely ignored in preaching, to the detriment of the church's preaching. Preaching on wisdom forces the preacher to apply the guidelines practically and to touch on the daily life of the members of his congregation. Twelve guidelines are given and they are applied to three examples from Proverbs.*

## 1. INLEIDING

In hierdie artikel word daar aandag gegee aan die prediking oor die wysheidsliteratuur van die Ou Testament, met toespitsing op die boek Spreuke. Die doel van die artikel is om oor die prediking oor hierdie stof te besin en om riglyne vir die prediking te gee. Hiervoor is dit nodig dat daar ook aandag gegee word aan sake wat as agtergrond vir die prediking oor die wysheidsliteratuur belangrik is. Dit raak sake soos die onderskeid tussen die verskillende soorte preekstof, 'n tipering van die Ou-Testamentiese wysheid en wysheidsliteratuur, die vorme van hierdie literatuur, probleme oor die prediking oor wysheidsliteratuur en enkele opmerkings oor die boek Spreuke. Hierdie sake kan elkeen die onderwerp wees van 'n omvangryke studie, maar dit vorm nie die fokuspunt van hierdie artikel nie. In die gedeeltes van die artikel waar hierdie sake aan die orde kom, word daar by bestaande literatuur aangesluit. Die artikel fokus op die riglyne wat gegee word en die praktiese toepassing daarvan op 'n aantal voorbeelde.

Dit is so dat prediking oor wysheidsliteratuur in sekere opsigte problematies is. Predikante sal wel self kan oordeel oor hoe dikwels daar uit die wysheidsboeke, veral Spreuke, gepreek word. Daar is inderdaad geleerdes, soos Preuss (1984), wat oordeel dat die wysheidsliteratuur nie veel van 'n plek in die Christelike prediking behoort te hê nie. Reventlow (1985:183) beskou Preuss se standpunt oor die plek van die

wysheidsliteratuur in die Christelike kerk en in die prediking as een van die duidelikste voorbeelde in hierdie verband en stel dat die probleem is dat die hantering van die wysheidsliteratuur die gevaar het van 'n nuwe natuurlike teologie. Aan die ander kant van die spektrum is geleerdes soos Clements (1983) en Long (1989), wat weer baie positief oordeel oor die prediking uit die wysheidsliteratuur, en verskeie voorbeelde gee van hoe die wysheidsliteratuur in die prediking benader kan word.

## 2. VERSKILLENDE SOORTE STOF VIR DIE PREDIKING

Wat die onderskeid van die verskillende soorte stof in die Ou Testament met die oog op die prediking betref, is dit so dat verskillende indelingsbeginsels aangetref word. Dijk onderskei sewe soorte stof in die Ou Testament, naamlik historiese, tipies-simboliese, liriese, chokmatiese, profetiese, apokalipties-profetiese en spesiaal-Messiaanse stof (1955:197-198). Hierdie onderskeiding vertoon iets van 'n eklektiese aard, omdat dit nie op 'n vaste indelingsbeginsel, byvoorbeeld 'n indeling volgens literatuursoorte, berus nie. Die tipies-simboliese stof kan in historiese, profetiese en liriese gedeeltes voorkom en hou verband met die inhoud of tema van die gegewens – en veral die geleerde se interpretasie daarvan. Dieselfde sal geld van die spesiaal-Messiaanse stof.

'n Indeling wat meer verband hou met die literatuursoorte, is dié van Helberg (1983:43). Hy onderskei vier soorte literatuur in die Ou Testament, naamlik verhaal of historiese stof, profesie, poësie en onderwysing of wysheidsliteratuur. Op hierdie wyse word die literatuur van die Ou Testament in vier groepe ingedeel. Tog is hierdie indeling ook in sekere opsigte problematies. Poësie word byvoorbeeld as 'n aparte groep onderskei, wat waarskynlik met Dijk se liriese stof ooreenstem, maar tog word daar ook poësie in die wysheids- en profetiese literatuur aangetref. Long maak 'n indeling volgens genre en onderskei dan in die Bybel verskillende genres, waaronder psalms, spreuke, wonderverhale, gelykenisse, profetiese uitsprake en kortverhale (1989:25). Hy gee in sy boek nie aandag aan alle genres wat in die Bybel voorkom nie, maar behandel net psalms, spreuke, verhalende gedeeltes, gelykenisse en briewe. Hy gee ook nie aandag aan die prediking oor byvoorbeeld wysheid as geheel nie, maar net aan spreuke - en dan nie as die boek Spreuke nie, maar aan afsonderlike spreuke, wat net een van die vorme is wat in die boek na vore kom. Hy werk dan met 'n vorm van resepsie-estetika, waarin die wisselwerking tussen teks en leser van groot belang is.

Deist (1986:18) deel die Ou-Testamentiese stof nie in volgens literatuursoorte nie, maar volgens die perspektiewe of hoeke waaruit na sake gekyk word. Daar word onder andere onderskeid gemaak tussen 'n persoonlike perspektief wat veral in poëtiese tekste gekry word, 'n wysheidsperspektief, 'n profetiese perspektief, 'n apokaliptiese

perspektief, 'n regsperspektief en 'n kultiese perspektief. Daar moet egter in gedagte gehou word dat 'n sekere boek nie noodwendig konsekwent uit een perspektief geskryf is nie. Die perspektief kan in 'n boek wissel. In die boek van Deist *et al.* (1986) word aandag gegee aan poëtiese tekste, verteltekste en tekste met 'n wysheids-, profetiese, apokaliptiese en regsperspektief.

Dit sal waarskynlik die beste wees om 'n kombinasie van die benaderings te volg, waarin daar aan sowel literatuursoort as perspektief aandag gegee word. Hoe die indeling ook al gedoen word, bly die wysheidsliteratuur in elk geval 'n aparte groep. So kan daar in die verteltekste wat Deist *et al.* onderskei, verskillende perspektiewe wees, soos byvoorbeeld uit 'n vergelyking van Samuel/Konings met Kronieke blyk. Ten opsigte van hierdie literatuur moet daar rekening gehou word met die hoek of perspektief waaruit die stof aangebied word en ook met die literêre vorme, waaronder die digterlike vorme wat in die wysheidsliteratuur gebruik word.

## 3. Tipering van wysheid en wysheidsliteratuur

Blenkinsopp wys daarop dat die term *wysheid* op verskillende sake kan dui. Ook sluit dit sekere vaardighede in, soos dié van 'n vakman (byvoorbeeld 'n goudsmid; Blenkinsopp, 1983:5). Wysheid behoort egter veral aan die regeerder. Die monargie het die behoefte gebring aan koninklike raadgewers wat onderlê was in die internasionale konvensies van die diplomasie en wat geskool was in die intellektuele tradisie. Hierdie tradisie het min in gemeen gehad met die godsdiens en kultus van die stamme. Loader (1986:106-107) onderskei verskeie soorte wysgere, na aanleiding van die kring waarbinne hulle opgetree het, byvoorbeeld wysgere binne stam- of familieverband (waar 'n vader sy seun onderrig), aan die koninklike hof en wysgere as skoolmeesters. Die wyses was primêr onderwysers. Aan die wysheidskole is veral die seuns van vooraanstaande mense voorberei vir openbare ampte of die lewe aan die hof. Daarom is daar klem gelê op die korrekte gedrag, etiket en openbare optrede (Blenkinsopp, 1983:11,13). Wysheid is veral praktiese lewenswysheid, wat 'n sekere lewenskuns openbaar (Dijk, 1955:224).

Deur meer geleerdes word die wysheid verduidelik aan die hand van sekere pole. So sien Clements (1983:88) twee kante in die wysheid, naamlik die praktiese en die artistieke. Die artistieke was dikwels 'n hulpmiddel om die boodskap tuis te bring by iemand wat anders dalk nie sou luister nie. Crenshaw (1981:19) probeer wysheidsliteratuur definieer deur aandag te gee aan formele en inhoudelike sake. Formeel bestaan wysheid uit spreekwoordelike sinne of instruksies, debat, intellektuele nadenke; tematies omvat wysheid duidelike aanduidings vir die beheersing van die lewe om die mens se lewenskwaliteit te verbeter, oor die soeke na lewensgeheime, oor

onskuldige lyding, die stryd oor die mens se eindigheid en die soeke na orde in die geskape werklikheid, soos dit na vore kom in die gepersonifieerde vrou wysheid. Wanneer vorm en inhoud saamval, word wysheidsliteratuur aangetref. Wysheid het ook 'n godsdienstige en 'n verstandelike kant (Loader, 1986:104).

Die wysheidsliteratuur kan ook gedefinieer word deur te wys op die doel daarvan. Die wysheidsboeke van die Ou Testament wil ander leer. Hierdie lering geskied heel prakties en deur goeie onderrig wat uit waarneming van die lewe spruit. Ook stimuleer dit nadenke oor die betekenis van die lewe en die verklaring van die kompleksiteite daarvan (Clements 1983:85; vgl. ook Helberg, 1983:52). Die drie wysheidsboeke in die Ou Testament kan met mekaar vergelyk word aan die hand van die doel van elk. Crenshaw (1981:62-63) sê dat die wysheidsliteratuur 'n soeke verteenwoordig. Spreuke soek kennis, Job God se teenwoordigheid en Prediker betekenis in die lewe. Spreuke is gerig op die verlede, op die orde wat God daargestel het in die verre verlede; Job fokus met sy lyding op die hede, en Prediker worstel omdat hy nie 'n toekoms kan sien nie. Die wysheidsliteratuur wou 'n funksie in die gemeenskap verrig, en dit kan saamgevat word as adviserend, krities en reflektief (Loader, 1986:120). Wysheidsliteratuur roep die mens op om hard en nederig te dink, om sy oë oop te hou, om sy gewete en insig te gebruik en om nie ontstellende vrae te omseil nie (Kidner, 1985:11).

Daar kan verskillende tydperke in die ontwikkeling van die Ou-Testamentiese wysheid onderskei word. Loader onderskei drie tydperke (1986: 121-121). Die oudste stamwysheid dateer uit die tyd voor die monargie. 'n Nuwe periode breek aan met die instelling van die monargie, veral sedert Salomo, en die derde tydperk is die periode na die ballingskap. Daar kan ook 'n aantal ontwikkelingsfases onderskei word wat nie noodwendig met die tydperke saamstem nie. In die eerste is die wysheid onproblematies - sukses sal volg op die aanvaarding van goeie raad. Hierin word dus 'n eenvoudige vergeldingsgedagte geleer. In die tweede fase vind daar 'n verstarring van die vergeldingsgedagte plaas deur die saak om te draai. Uit die omstandighede word afgelei wat die gesindheid daaragter is. 'n Mens sou dan uit voorspoed kan aflei dat iemand 'n goeie mens is. Teen hierdie verstarring het daar weer reaksie gekom, soos in Prediker en Job gesien kan word.

Die wysheidsperspektief wat ten grondslag van die vergeldingsgedagte lê, is in wese optimisties (Loader, 1986:103-104). Die wysheidsleraar aanvaar dat God die een is wat die skeppingsorde in stand hou - daarom is alle wysheid in wese religieus (Loader, 1986:103). Die wysheid leer dat 'n lewe in gemeenskap met God seënryke betekenis het vir die volle praktyk van die menslike bestaan (Dijk, 1955: 225).

Die drie stellings wat Murphy (1978) maak in sy bespreking van die wysheidsliteratuur is 'n samevatting van standpunte wat redelik algemeen in die navorsing oor

wysheidsliteratuur na vore kom. Die stellings is die volgende:

- Bybelse wysheid is die vrug van 'n poging om orde in die mens se lewe te ontdek. Die verband tussen die goeie daad en die goeie gevolg daarvan lê hieraan ten grondslag. Murphy het egter self die beswaar dat hierdie standpunt bots met die gedagte vervat in die Ou Testament dat God die primêre oorsaak van alles is (1978:35-36).

- Wysheidsteologie is skeppingsteologie (Murphy, 1978:35- 36). Dit hou verband dus met die orde in die skepping.

- Die oorsprong van die wysheidsbeweging moet gesoek word in die ethos van die volk en van die koninklike hof (Murphy, 1978:37).

## 4. VORME IN DIE WYSHEIDSLITERATUUR

In die beoordeling van die verskillende vorme wat veral in Spreuke aangetref word, moet daar steeds rekening gehou word met die bondige segswyse van die wysheidsleraar, waarin daar nie met uitsonderings rekening gehou word nie. Daar moet dus nie absolute waarde aan uitsprake geheg word nie (vgl. Eybers, 1978:63). Daar moet rekening gehou word daarmee dat die wysheidsliteratuur dikwels in digterlike vorm aangebied word. Daarom moet daar in die eksegese met die normale digterlike beeldspraak en digterlike segging rekening gehou word. Parallelismes is baie volop, asook die normale digterlike beelde, soos onder andere vergelykings. By parallelismes moet onthou word dat die twee sinsdele een saak op twee maniere stel.

Murphy (1981) gee 'n uitvoerige uiteensetting van die verskillende vorme wat gebruik word. Basies onderskei hy tussen die wysheidsuitspraak en die instruksie. Die wysheidsuitspraak omvat die spreuk, die uitspraak wat die mens se ervaring weergee en die didaktiese uitspraak (1981:4).

- Die *spreuk* maak 'n afleiding vanuit die ervaring en formuleer dit kort en kragtig, soos in 1 Samuel 24:14: "Uit die goddelose gaan goddeloosheid uit" (Murphy, 1981:4). Die *spreuk* was die mees algemene vorm vir onderrig of insig in die mens se bestaan (Blenkinsopp, 1983:17). Dit word veral uitgedruk deur 'n kort, toegespitse uitspraak wat konkreet is in sy beelde en algemeen in sy toepasbaarheid, verbind aan die mens se karakter en optrede. Dit is aan hierdie wysheidsvorm dat Long (1989) aandag gee in sy werk oor die literêre vorme in die Bybel en die prediking. Hy wys daarop dat spreuke veralgemenend werk deurdat dit losgemaak is van 'n enkele konteks om so 'n breër

toepassingsveld te kry (Long, 1989:55). Hy waarsku wel dat onthou moet word dat alhoewel 'n spreuk 'n breër toepassingsveld gekry het, dit steeds nie in alle gevalle geld nie. Dit vereis wysheid om te beoordeel waar wat van toepassing is (1989:58).

- Die *ervaringsuitspraak* reflekteer 'n aspek van die werklikheid, maar laat dit aan die hoorder oor om sy eie afleiding te maak (Murphy, 1981:4). 'n Voorbeeld hiervan word in Spreuke 11:12 aangetref: "Die verstandelose verag sy naaste, maar 'n verstandige man bly stil" (1953-vertaling). Hierin word nie direk onderrig gegee of 'n sekere optrede voorgeskryf nie, maar die mens kan sy eie afleiding maak. As jy as 'n wyse gereken wil word, is die optrede duidelik.

- Die *didaktiese uitspraak* daarenteen karakteriseer 'n daad of houding op so 'n wyse dat dit menslike optrede beïnvloed (Murphy, 1981:5). Hiervan is Spreuke 14:31 'n voorbeeld: "Wie die geringe verdruk, versmaad sy Maker, maar hy wat hom oor die behoeftige ontferm, eer Hom" (1953-vertaling).

- Die sogenaamde *instruksie* wat in Spreuke voorkom, het waarskynlik in die skole 'n plek gehad. Hierdie stof vertoon dikwels ooreenkomste met die Egiptiese wysheid. Hier word gewoonlik verwys na Spreuke 22:17-24:22, wat duidelike ooreenkomste vertoon met die *Egiptiese Instruksie* van Amenemope. Deur sommige skrywers word die sogenaamde *Wysheidsrede* hiervan onderskei, waarin die wysheid gepersonifieer word (Murphy, 1981:50-51). Hierin word daar dikwels van positiewe of negatiewe bevele gebruik gemaak (Murphy, 1981:6). Spreuke 8:33 is 'n voorbeeld hiervan: "Luister na tug en word wys, en verwerp dit nie" (1953- vertaling).

## 5. PROBLEME RONDOM PREDIKING UIT DIE WYSHEIDSLITERATUUR

Oor die prediking uit die wysheidsliteratuur bestaan 'n hele spektrum standpunte. Deur die geskiedenis was daar byvoorbeeld iets van 'n probleem met die teologiese plek van die boek Spreuke, weens die 'aardse' voorkoms van die inhoud van die boek (Loader, 1987:47). Preuss (1984) gee in sy boek oor die prediking uit die Ou Testament ook aandag aan wysheidsliteratuur en sê dat daar op goeie gronde in die voorgeskrewe preektekste van die Lutherse kerk in Duitsland min wysheidstekste is (1984:186).

Vir Preuss is die probleem van die wysheid vir die Christelike prediking veral in twee fasette geleë. Die eerste is die vraag of 'n mens die wysheidsliteratuur bloot kan preek as kuns wat die lewe stuur, as hulp om die lewe te beheers. Belangriker is egter vir

hom die tweede probleem, naamlik die vraag of die Christen nie dalk daardeur ingevoer word in die samehang tussen daad en gevolg wat vir die wysheid konstituerend was en wat reeds in die Ou Testament sy grense bereik het, soos uit Job en Prediker blyk en wat nie meer pas in die lig van die kruis nie (Preuss, 1984:186). In aansluiting hierby vra hy dus kritiese vrae oor die prediking oor hierdie literatuur. Dit raak die teologiese plek van die wysheid in die Ou-Testamentiese teologie en in die Christelike teologie. Handel die wysheid oor die vraag na gesonde menslike verstand en hoe gesond is die verstand volgens die Bybel? Die wysheidsliteratuur swyg oor Israel en hul geskiedenis met God (Preuss, 1984:186).

Reventlow (1985:183) stel dat Preuss een van die persone is wat hom die skerpste op 'n negatiewe wyse oor die plek van die wysheid uitlaat. Hy gee wel toe dat daar oor die plek van die wysheid in die Ou-Testamentiese wetenskap nog baie vrae is. Tog sê hy dat om aan die wysheid 'n plek te ontsê in die Ou- Testamentiese teologie, die getuienis van die Ou Testament beperk (1985:184). Die vraag oor presies hoe die wysheid gesien moet word, is nog nie afdoende beantwoord nie. Tog moet hierdie getuienis gehoor word - en hoe dikwels word dit nie prakties in die prediking oor die hoof gesien nie, behalwe vir miskien sekere heel bekende gedeeltes, soos oor die wysheid wat op die strate rondgaan of Job se Verlosser wat leef.

Long (1989:53-54) wys ook daarop dat daar baie min oor spreuke (as literêre vorm) gepreek word en wys op verskeie redes daarvoor:

* Dit wil dikwels lyk asof spreuke nie 'n teologiese inhoud het nie.
* Spreuke lyk oormatig moralisties.
* Soms lyk dit asof spreuke mekaar weerspreek (soos Spreuke 26: 4 en 5) of onwaar is.

Die vraag oor die wyse waarop oor hierdie literatuur gepreek moet word, bly dus baie belangrik. Schütz (1981:82) waarsku tereg teen 'n gewelddadige verchristeliking van die Ou Testament. Dit bly steeds 'n probleem om in die Christelike prediking aan die eintlike en oorspronklike Ou-Testamentiese uitspraak reg te laat geskied en dit tog ook legitieme Christelike verkondiging vir die Christelike gemeente te laat wees (Schütz, 1981:82-83). Die oplossing dat in 'n sekere sin die prediking oor die Ou Testament prediking teen die Ou Testament word (Schütz, 1981:84), word wel deur meer mense aanvaar, maar trek dit nie juis 'n streep deur die Ou Testament as boek vir die kerk nie? Tog is dit so dat baie wat in beginsel sou aanvaar dat die wysheidsliteratuur 'n plek in die prediking moet kry, dit in die praktyk grotendeels verwaarloos.

Aan die ander kant van die spektrum is die standpunt van Clements (1983). Hy gee toe dat daar sekere gevare geleë is in die prediking oor hierdie stof. Tog het dit die positiewe waarde dat dit 'n gewilligheid veronderstel om dieper te kyk na die implikasies van die mens se ervaring as wat gewoonlik in die teologie gedoen word. Die pessimisme wat soms in die wysheidsliteratuur gereflekteer word, wys egter op die ontsag voor die onmeetlike. Dit lei 'n mens na 'n geheimenis wat eers in Christus beantwoord word (Clements, 1981:93).

Hy wys ook op van die praktiese probleme wat die prediker te bowe moet kom. Normaalweg word dit die prediker op die hart gedruk om elke vers binne sy konteks te lees. In Spreuke is dit egter dikwels so dat individuele verse geen verband het met die konteks waarin dit staan nie. Sy (Clements, 1983:93) oplossing hiervoor is dat die enkele vers gebruik word en dat 'n verhalende gedeelte gesoek word wat die punt illustreer. Ook Dijk deel die positiewe waardering vir die prediking uit die wysheidsliteratuur, juis omdat dit die voordeel het dat dit die gemeente meer prakties rig en oordrewe teoretiese besinning teenwerk. So word die kerk geleer om haar lewe elke dag te konfronteer met wat die Skrif leer oor 'n lewe in die vrees van die Here (1955:225). Long wys daarop dat mense dikwels in hulle lewe belangrike besluite neem op grond van advies wat baie soos dié van die spreuke is (1989:54).

Wanneer die wysheidsliteratuur as deel van die kanon aanvaar word, moet dit ook in die prediking aan die orde kom, anders word die prediking verskraal. Die feit dat hierdie literatuur die prediker voor sekere probleme stel, ontneem nie die kerk en die predikers die verantwoordelikheid om daarmee erns te maak nie.

## 6. OPMERKINGS OOR DIE BOEK SPREUKE MET DIE OOG OP DIE PREDIKING

Alhoewel dit so is dat die konteks van 'n enkele spreuk dikwels nie veel bydra tot die prediking daaroor nie, bly dit goed om by die prediking tog 'n oorsig oor die inhoud van die boek in gedagte te hou. 'n Baie sinvolle breë indeling is dié van Loader (1987:41-42). Hy onderskei agt dele in die boek.

- Spreuke 1-9 – hierdie gedeelte bevat langer leerdigte, waarin veral instruksie gegee word en waarin ook die gedeeltes oor die gepersonifieerde wysheid aangetref word.

- Spreuke 10:1-22:16 – die opskrif van die gedeelte dui dit aan as spreuke van Salomo. Dit bevat kort uitsprake, met nie veel logiese samehang tussen die verskillende spreuke nie.

* Spreuke 22:17-24:22 – hierdie gedeelte word getipeer as woorde van wyse manne en vertoon ooreenkomste met tekste uit Egipte en Mesopotamië, veral die instruksie van Amenemope uit Egipte, waarna reeds verwys is.

* Spreuke 24:23-34 – hierdie kort versameling spreuke word ook aangedui as die woorde van wyse manne.

* Spreuke 25-29 – hierdie deel staan bekend as die Hiskiaversameling.

* Spreuke 30 – die woorde van Agur met verdere gedigte en getallespreuke.

* Spreuke 31:1-9 – die woorde vir Lemuel, 'n voorbeeld van vroulike wysheid, vermanend van aard.

* Spreuke 31:10-31 – die lof vir die vlytige huisvrou, 'n alfabetiese lied wat dien as teenpool vir die waarskuwing teen vroue in die Lemuelteks.

Vir 'n feitlik identiese indeling, vergelyk Kidner (1969:22). Al verskil is dat Kidner 1:1-7 beskou as 'n inleiding tot die hele boek. Albei hierdie indelings sluit ten nouste aan by die gegewens van die boek self en veral die opskrifte en ander duidelike strukturele merkers wat aangetref word in 1:1, 10:1, 22:17 (met die verwysing na wyse mense), 24:23 (met nog 'n verwysing na wyse mense), 25:1, 30:1, 31:1 en 31:10 (waar die akrostiese Psalm begin). Die samestelling van die boek dui daarop dat die boek oor 'n lang tyd gegroei het, van die tyd van Salomo tot in die vierde eeu voor Christus (Laoder, 1987:43). Dit is dus baie selde moontlik om 'n konkrete historiese situasie aan die spreuke te verbind.

Wat die aard van die inhoud betref, is dit die doel van die boek om praktiese wysheid by die leser in te skerp (Eybers, 1978:72). Helberg (1983:52) stel dit soos volg: "Die wysheidsliteratuur van Spreuke is praktiese lewenswysheid wat afgelei word uit waarneming van die alledaagse lewe en natuur."

Alhoewel die boek in sy onderafdelings meermale nie sterk gestruktureerd is nie, is daar sekere temas wat meermale aandag kry. Tekste wat oor dieselfde tema handel, kan meermale as die konteks vir 'n spesifieke teks funksioneer. Temas wat veral aandag kry, is rykdom en armoede, die huislike lewe en die verhouding tussen ouers en kinders (Eybers, 1978:72, 73). Kidner (1969:31-56) gee breedvoerig aandag aan 'n verskeidenheid van temas wat in die boek telkens na vore kom, naamlik God en die mens, wysheid, die dwaas, die luiaard, die vriend, woorde, die gesin en lewe en dood. Hierby sal seker nog algemene temas gevoeg kon word, maar die belang hiervan is om daarop te let dat tekste wat oor dieselfde onderwerp handel, gebruik kan word om

mekaar onderling te belig – 'n praktiese toepassing van die beginsel om Skrif met Skrif te vergelyk! Hierdie hantering van tekste met dieselfde onderwerp as mekaar se konteks, is beter as Clements se voorstel om 'n verhalende gedeelte te soek wat 'n spreuk sou kon toelig. Dit is beter omdat sulke verhalende gedeeltes nie altyd te kry is nie en omdat die gebruik van sulke verhale maklik moraliserend kan word.

Daar moet steeds goed in gedagte gehou word wat die aard van wysheid is. Dit gaan in Spreuke om geloofsinsig, nie om verstandelike, intellektuele of wetenskaplike kennis nie (Loader, 1987:46). Die orde ten dienste waarvan die uitsprake staan, is God se orde en die inskakeling daarby word dus 'n godsdienstige saak. Die spreuke hou dus verband met die erkenning dat God skepper en onderhouer van hierdie orde is (Loader, 1987:44).

## 7. RIGLYNE VIR DIE PREDIKING OOR DIE WYSHEIDSLITERATUUR, TOEGESPITS OP SPREUKE

Die riglyne word gestel in die vorm van stellings met nadere toeligting. In die geraadpleegde literatuur word daar, met die uitsondering van Dijk (1955:225-227), min sulke riglyne aangetref. Dijk gee sewe riglyne vir die prediking oor hierdie stof, terwyl hier elf gegee word. Net drie van die elf is direk van Dijk oorgeneem, naamlik sy tweede, derde en sewende. Sy ander vier riglyne het meer te doen met die wyse waarop hy die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament sien, en veral van die wyse waarop Christus in en deur die Ou-Testamentiese wysheid spreek. Daarin kan duidelike spore gesien word van 'n benadering wat te gemaklik Christus in die Ou Testament inlees en nie genoegsaam met die Ou Testament as *Ou* Testament rekening hou nie. 'n Voorbeeld hiervan is die stelling in sy vierde riglyn (1955:226) dat die lewenskuns wat in die wysheidsliteratuur na vore kom, nie algemeen-menslike lewenskuns is nie, maar dat dit geleer is in die skool van Jesus Christus deur sy Heilige Gees. Hierdeur word die openbaringshistoriese plek van die wysheid as 'n Ou-Testamentiese vorm misken. Alhoewel sommige van die sake wat Dijk in sy verdere riglyne hanteer, belangrik is, word hier op 'n meer genuanseerde wyse gehandel oor die wyse waarop Christus in die prediking oor die wysheidsliteratuur aan die orde moet kom.

- **Die aard van die Ou-Testamentiese wysheid moet aan die gemeente verduidelik word** (vgl. Clements, 1983:94).

  Vir die prediking is dit noodsaaklik dat die praktiese aard van die wysheid verduidelik moet word, asook iets van die ontwikkeling van die wysheid en

die plek van die betrokke uitspraak in die ontwikkeling.

Die praktiese aard van die wysheid kom byvoorbeeld na vore in heel praktiese uitsprake oor die gebruik van drank, soos in Spreuke 20:1, of die uitspraak oor die voordeel daarvan om vroeg in die oggend op te staan (Spreuke 20:13). Wat die ontwikkeling van die wysheid betref, sal dit veral van waarde wees in boeke soos Prediker en Job, waar meer van die ontwikkeling raakgesien kan word as in Spreuke. In Spreuke word dikwels die eenvoudige, optimistiese benadering van die ouer periodes aangetref. 'n Tipiese voorbeeld hiervan word in Spreuke 14:28 aangetref: "Die regverdige het meer as genoeg om te eet; goddelose mense bly honger" (1983- vertaling). Dit is met hierdie soort stelling wat Asaf (Psalm 73) en Job geworstel het, en veral met die verstarring wat intree wanneer die stelling omgekeer word en 'n mens se verhouding met God afgelei word uit die voorspoed of teenspoed wat hy beleef.

- **Die religieuse aard van die wysheid moet gehandhaaf word.**

Dijk (1955:225) vestig die aandag daarop dat die weë van God se wysheid vir die mens se lewe raakgesien moet word. Die mens se lewenskennis en -ervaring moet hieraan getoets word. Die wysheid is nie bloot algemeen-menslike lewenskuns nie, maar dit gaan uit van die vrees vir die Here en is die vrug van die geloof. Hierdie religieuse aard van die wysheid kan bemerk word in die inleiding tot Spreuke (1:1-7) en kom telkens in sommige van die afsonderlike spreuke na vore. Dit word uitdruklik gesê dat wysheid van God afkomstig is (2:6). Een van die mooiste uitsprake in die boek, wat hierdie verhouding van die wysheid tot God duidelik maak, kom in 3:6 voor: "Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop" (1983-vertaling).

- **Daar moet gewaak word daarteen om in dogmatiese beredeneringe te verval.**

Hierdie is die tweede van Dijk se sewe riglyne (1955:225) en is baie belangrik. Dogmatiese beredenering oor die ewige wysheid van God – of oor die Seun as die ewige Wysheid – mis die praktiese gerigtheid van die Ou-Testamentiese wysheid. Spreuke bied aan die prediker die geleentheid om binne die daaglikse omstandighede van elke gelowige praktiese voorskrifte te bied.

- **In die prediking oor die wysheidsliteratuur moet daar skerp deurgedring word na die praktyk van die mens se lewe.**

Hierdie is die derde van Dijk se riglyne (1955:225-226) en sluit aan by die aard van die wysheid in die Ou Testament. Dit is daarom dat daar voorskrifte gegee word oor praktiese sake soos borgstaan (6:1-5), meermale oor rykdom en armoede en oor die manier waarop iemand anders se woede hanteer moet word (15:1). Hierdie riglyn en die vorige riglyn hou nou met mekaar verband en die twee sou saamgevat kan word as praktiese prediking, en nie teoretiese prediking nie.

- **Daar moet aandag gegee word aan die digterlike en wysheidskonvensies.**

Digterlike beelde en vorme asook wysheidsvorme moet in die interpretasie in gedagte gehou word.. So kom parallelismes veelvuldig voor en moet daar telkens nagegaan word hoe een saak op twee maniere belig word. Dit kan gesien word in die teenstellings wat gemaak word tussen wyse en verstandige mense (bv. 15:14) en tussen gelowiges en ongelowiges (bv. 28:1), 'n stelwyse waardeur telkens een saak uit twee hoeke benader word.

Dit moet ook in gedagte gehou word dat dit in die wysheidsliteratuur gebruiklik is om 'n saak skerp – en dan dikwels eensydig – te belig. As dit vergeet word, kan skynbare teenstrydighede die prediker baie moeite besorg, soos die uitsprake in 26:4 en 5, waar eers gesê word dat 'n dwaas nie geantwoord moet word nie, en net daarna dat hy wel geantwoord moet word. Dit weerspieël egter die dilemma wanneer met 'n onredelike mens geredeneer word (Kidner, 1969:162) en wys daarop dat in sekere omstandighede 'n sekere wyse van optrede goed is, maar in ander omstandighede nie.

Hierdie saak hou verband met die literêre vorm van die wysheid, 'n saak wat baie deur Long beklemtoon word. Hy vestig die aandag daarop dat die literêre sy van 'n teks nie maar blote versiering is nie (1989:12) – die literêre vorm bepaal in 'n sekere sin die verwagting waarmee 'n teks gelees word. Dit is daarom dat Long in sy bespreking van die belang van literêre vorm vir die prediking, in die eerste plek vra na die genre van 'n teks (1989:24-25), omdat so direk gelet word op die wyse waarop 'n teks as teks funksioneer.

- **Daar moet onthou word dat die Ou-Testamentiese wysheid in die Ou Testament staan.**

  Die wysheidsgedeeltes van die Ou Testament kan soos enige Ou-Testamentiese teks nie gepreek word asof dit in die Nuwe Testament staan nie. Die lyn moet vandaar deur die Nuwe Testament na vandag loop. Christusprediking mag nie bygesleep of allegories ingevoer word nie. Dit gaan eerder oor die praktiese implikasies van 'n lewe wat deur Christus nuut geword het.

- **Hierdie prediking vereis 'n eenvoudige vorm en vra van die prediker lewenswysheid wat hom in staat stel om na hierdie wysheid te luister en dit met gesag aan die gemeente deur te gee.**

  Hierdie is Dijk se sewende riglyn (1955:226-227). Hy sê ook dat hierdie stof nie maklik is vir jong predikers nie. Juis die feit dat die wysheidsliteratuur prakties ingestel is, maak dit noodsaaklik om ook in die prediking prakties te bly. Daar is 'n boodskap vir armes en rykes, aansienlikes en onaansienlikes, regeerders en onderdane.

- **Die gerigtheid van elke uitspraak moet in gedagte gehou word.**

  Hier moet rekening gehou word met die formele konteks waarin 'n uitspraak kon funksioneer, byvoorbeeld of dit deur 'n vader tot sy seun gerig is en of dit onderrig is wat gerig word tot 'n seun wat opgevoed word vir sy taak aan die hof. 'n Uitspraak soos dié in 23:1-3 kom duidelik uit die kring van die regerende klas met sy voorskrif oor hoe om op te tree tydens 'n ete by vername mense. Dit pas in by die opvoeding van die kinders van vooraanstaande mense. In Spreuke 4-7 word daar weer onderrig gegee deur 'n vader aan sy seun, iets wat pas in die gewone opvoedingspatroon wat ouers aan kinders gee, ongeag hulle posisie in die lewe.

- **Die drie periodes en fases in die geskiedenis van die Ou-Testamentiese wysheid moet in gedagte gehou word.**

  Hier moet gelet word op die aard van die vergeldingsleer wat meermale uit uitsprake afgelei kan word. In Spreuke kom dit telkens voor dat die regte optrede voorgehou word en dat seën daaraan verbind word. 'n Goeie voorbeeld hiervan word in 4:10 aangetref: "Luister, my seun, en aanvaar wat ek sê; dit sal jou lewensjare baie maak " (1983-vertaling). Om

na hierdie onderrig te luister, beteken die lewe (4:20-22). Hierdie saak is gewoonlik meer van belang in die prediking oor Job en Prediker, omdat Spreuke 'n meer eenvormige en eenvoudige vergeldingsleer het.

- **Die mens se geloofservaring moet betrek word.**

  Omdat die wysheidsliteratuur gerig is op die praktyk van die mens se geloofslewe, moet die geloofservaring betrek word. Dit is veral die geval met gedeeltes wat spesifiek te doen het met vrae na die sin van die lewe. In Prediker en Job kom dit dikwels voor, maar ook in Spreuke is daar gedeeltes wat direk hiermee te doen het. 'n Voorbeeld hiervan word in 14:32 aangetref: "Die goddelose kom tot 'n val deur sy boosheid; die regverdige het 'n toevlug ook in die dood" (1983-vertaling).

- **Die konteks moet in gedagte gehou word.**

  Dit is in Spreuke so dat die direkte konteks in baie gevalle nie 'n bydrae lewer tot die interpretasie van 'n spesifieke spreuk nie. In Job en Prediker is die konteks dikwels medebepalend vir die interpretasie, maar ook in Spreuke is daar gedeeltes waar die konteks wel 'n rol speel, soos byvoorbeeld in die gedig oor die wysheid in Spreuke 9 of in die lied oor die vrou in Spreuke 31. In die gevalle waar die direkte konteks nie 'n rol speel nie, kan daar gekyk word na wat die boek elders oor naastenby dieselfde onderwerp of aspekte daarvan sê. So is dit byvoorbeeld so dat daar dikwels 'n teenstelling gemaak word tussen die goddelose en die regverdige. Ander uitsprake hieroor kan op 'n spesifieke teenstelling lig werp en so help om die teenstelling in die prediking duideliker uit te lig. In die eerste voorbeeld wat hieronder gegee word, word dit verduidelik aan die hand van die teenstelling tussen gelowiges en ongelowiges, of in die woorde van Spreuke, die regverdige en die goddelose.

- **Daar moet 'n brug geslaan word tussen dit wat die teks in sy tyd gesê het en die boodskap daarvan vir vandag.**

  Hierdie is 'n saak wat van groot belang is in die werk van Long (1989). Daarom vra hy telkens na die retoriese funksie van die teks in die oorspronklike omstandighede en ook hoe daardie retoriese funksie vandag in 'n preek in nuwe omstandighede kan spreek (1989:25-29, 33-34).

## 8. VOORBEELDE

Daar sal aan drie voorbeelde aandag gegee word, naamlik Spreuke 28:1, 30:18-20 en 3:5-6. Die eerste is 'n voorbeeld van 'n los spreuk, waar die verband nie veel tot die interpretasie bydra nie, maar waar die tema elders aangeraak word, sodat ander spreuke 'n bydrae lewer tot die interpretasie van hierdie een. Die tweede is 'n voorbeeld van 'n langer spreuk, waar die konteks wel iets bydra deurdat dit deel is van 'n groter eenheid, maar wat egter nie sterk om een tema sentreer nie. Die derde is 'n voorbeeld van 'n instruksie gerig tot 'n seun deur sy vader.

### 8.1 Spreuke 28:1

In die 1953-vertaling lui die spreuk soos volg: "Die goddelose vlug sonder dat daar 'n vervolger is, maar die regverdige voel hom veilig soos 'n jong leeu". In die 1983-vertaling is dit soos volg weergegee: "Die goddelose hardloop weg al jaag niemand hom nie; die regverdige het die moed van 'n leeu."

Daar is nie 'n wesentlike verskil tussen die twee vertalings nie. Dit is wel jammer dat die 1983-vertaling nie iets behou het van die onderskeid wat daar in Hebreeus gemaak word tussen verskillende soorte leeus nie. Die jong leeu is juis die simbool van krag. Aan die ander kant is die moed van 'n leeu waarna die 1983-vertaling verwys, baie sprekend.

Hierdie spreuk is deel van die Hiskiaversameling en as sodanig deel van die ouer materiaal in die boek, wat nog die basiese optimistiese vergeldingsidee van die ouer wysheid deel. Die religieuse aard van die wysheid kan hier maklik raakgesien word in die teenstelling tussen die regverdige en die goddelose. Hier word 'n waarneming uit die werklikheid aangetref, sodat dit een van die sogenaamde ervaringsuitsprake is. Dit moet in gedagte gehou word dat hier 'n absolute uitspraak gemaak word, wat dus 'n sekere doelbewuste eensydigheid het. Wat die praktyk betref, is hier 'n afleiding wat uit die mens se lewenspraktyk gemaak word, sodat die toepassing baie prakties moet wees.

Wat die digterlike konvensies betref, moet veral gelet word op die parallelisme, waarin die goddelose en die regverdige en hulle gevoelens teenoor mekaar gestel word. In die parallelle stelling moet daar ook gelet word op die uitbreiding by die gevoel, naamlik die vlug sonder 'n vervolger aan die een kant en die mooi vergelyking met die jong leeu aan die ander kant. In die moderne tyd kan daar baie gepraat en geskryf word oor psigoses en neuroses, maar hier word 'n belangrike band gelê tussen die wyse waarop 'n mens leef en jou gemoedstoestand.

Hierdie spreuk bied 'n baie goeie illustrasie van die belang van konteks. In die konteks waarin die spreuk staan, word daar min gegewens aangetref wat die spreuk toelig. Daar kan egter in die prediking goed aandag gegee word aan die teenstelling tussen die goddelose en die regverdige elders in die boek. Hiervoor kan onder andere na Spreuke 3:33; 4:18,19; 10:11,32; 11:18; 13:5; 15:9,28; 20:7 en 21:15 gekyk word. Op hierdie wyse kan die twee groepe prakties getipeer word en ook die eie bydrae van die teks raakgesien word, naamlik die uitwerking van die twee groepe se lewenswyse op hulle gemoedstoestand of -stemming. Dit bring die basiese boodskap van die vrede wat die gelowige het met God, sy naaste en sy omstandighede teenoor die onsekerheid wat die ongelowige beleef. Hierby kan uit die Nuwe Testament aangesluit word by die boodskap van Paulus dat God se genade vir hom in alle omstandighede genoeg is (2 Kor. 12:9). Hierdie vrede is in die finale instansie die vrug van die werk van die Gees op grond van die verdienste van Christus, waardeur die gelowige met God versoen word. Die verband tussen optrede en gevoel speel dikwels 'n rol in depressie, sodat die praktiese toepassing van hierdie spreuk baie belangrik is in ons tyd. Iemand wat in die sonde vasgevang leef, kan nie anders as om op die lang duur daardeur vernietig te word nie.

### 8.2 Spreuke 30:18-20

Die spreuk lui soos volg in die 1953-vertaling: 18 "Drie is dit wat vir my te wonderbaar is, ja, vier wat ek nie begryp nie: 19 die weg van die arend in die lug, die weg van 'n slang oor 'n rots, die weg van 'n skip in die hart van die see, en die weg van 'n man by 'n maagd. 20 So is die weg van 'n vrou wat owerspel bedryf; sy eet en vee haar mond af en sê: 'Ek het geen sonde gedoen nie'."

Hierdie spreuk is langer as die vorige voorbeeld en vorm deel van 'n aparte versameling – die Spreuke van Agur. Hier kan dus meer uit die verband afgelei word as in die vorige geval, ook omdat hierdie spreuk een van 'n paar getallespreuke is wat vanaf vers 15 tot 31 saam gegroepeer is, met 'n onderbreking in vers 17. Hierdie spreuke bied weer almal afleidings wat hulle ontstaan in die werklikheid het. Hierdie spreuke kan wat vorm betref met mekaar vergelyk word: vier van die vyf spreuke begin met die getal drie en brei dit dan uit na vier toe. Die funksionaliteit daarvan is om te beklemtoon dat daar vier sake is wat vermeld gaan word. In die vyfde geval word direk van vier gepraat.

Wanneer die vyf spreuke as versameling benader en vergelyk word, is die plek van vers 20 iets van 'n probleem. Is dit bloot 'n los spreuk wat nie deel van die getallespreuk vorm nie, of vorm dit wel deel daarvan? Wanneer daar gekyk word na die punt waarop die vier spreuke ooreenstem en daar dan gekyk word na die spreuk oor die

vrou wat owerspel pleeg, is dit opvallend dat dieselfde stelling daar gemaak kan word. Wanneer die spreuk oor die owerspelige vrou in die lig van die vorige gelees word, kom daar 'n skokkende insig na vore waaruit 'n duidelike boodskap tot 'n gemeente kan spreek. Die kern van die vierdelige getallespreuk is dat elkeen van die dinge wat vir die skrywer wonderbaar is, eintlik dinge is wat wel besonders is, maar wat tog nie so uitsonderlik is nie. Die vlug van 'n arend in die lug het sy bekoring – maar dit is tog waar 'n arend tuis is. Dieselfde geld van 'n skip in die see en 'n slang op 'n rots: daar hoort hulle tuis en is hulle in hulle element. So is die hele saak van die verhouding tussen 'n man en 'n meisie wonderlik en tog ook normaal. Hierdie dinge is almal dinge wat nie maklik verklaar kan word nie, maar tog is dit tekenend van iets wat binne die raamwerk van sy eiesoortigheid funksioneer.

Teen hierdie agtergrond kry die spreuk oor die owerspelige vrou 'n baie skerp fokuspunt. Die skokkende oor haar is dat sy in haar sonde in haar element is. Egbreuk raak vir haar so gewoon soos eet, met die gevolg dat sy heeltemal afgestomp geraak het vir haar eie sonde. So maak hierdie spreuk iets van die gebrokenheid van die mens se bestaan in hierdie bedeling duidelik, die gebrokenheid waarvan Christus ons kom bevry het, maar wat steeds deel van ons bestaan is. In 'n preek oor dié gedeelte kan daar 'n baie ernstige oproep tot selfondersoek kom, omdat daardeur die mens se oë oopgemaak kan word vir sy sondes wat al deel van sy lewenswyse geword het, tot so 'n mate dat hy nie eers meer besef dat dit sonde is nie.

### 8.3 Spreuke 3:5 en 6

Die spreuk lui soos volg in die 1953-vertaling: "Vertrou op die HERE met jou hele hart en en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelyk maak." Hierdie spreuk is deel van 'n instruksie, en handel hier oor die onderrig wat 'n vader aan sy seun gee oor hoe om te lewe. Dit sou wel moontlik wees om die twee verse as twee spreuke te hanteer, maar die gedagtes in albei vervat is van so 'n aard dat hulle mekaar aanvul. Dit sluit aan by 'n patroon wat meermale in die hoofstuk aangetref word, naamlik dat eers 'n bevel gegee word met 'n aanduiding van die gevolg van die nakoming van die bevel (vergelyk bv. vers 1 en 2, 3 en 4, 7 en 8 en 9 en 10). Hier kan goed gelet word op die wyse waarop die spreuke gestel word. In albei verse word bevele gegee, iets wat tipies is van die sogenaamde instruksies.

Wat in hierdie geval baie treffend is, is die wyse waarop parallelismes gebruik word. Vers 5 het 'n baie mooi voorbeeld van 'n antitetiese parallelisme. In die eerste helfte van die vers word 'n positiewe bevel gegee, met in die tweede 'n negatiewe bevel. Daardeur word die saak van op wie 'n mens jou vertroue moet stel, van twee kante belig. Die mens word positief opgeroep om op God te vertrou en negatief vermaan om

nie sy vertroue op homself te stel nie. In vers 6 word 'n sintetiese parallelisme aangetref, met in die eerste helfte weer 'n positiewe bevel. In die tweede helfte word egter gestel wat die uitvoering van die eerste helfte sal beteken, naamlik dat God sy seën sal gee. Die kombinasie van die twee verse kom daarop neer dat die twee positiewe bevele mekaar aanvul. Om op God te vertrou, hou in dat beplanning nie sonder Hom gedoen kan word nie. Die tweede helftes in albei verse vul mekaar aan, deur eers die positiewe bevele te ondersteun deur die afwysing van 'n moontlikheid wat daarteen indruis en deur dan te wys op die gevolg van die nakoming van die bevel. Wat beeldspraak betref, moet daar gelet word op die gebruik van "weë" en "paaie" as beeld vir die mens se hele lewenswyse.

Hierdie verse kan gebruik word om daarop te wys dat iemand wat deur Christus verlos is, op God moet vertrou, wat inhou dat hy sy lewe ondergeskik moet stel aan God en God se plan met Hom. Die vrug daarvan is God se nabyheid en genade wat die gelowige lei op die pad van geloofsekerheid te midde van die onsekerheid van die lewe op aarde. Om jou beplanning aan God ondergeskik te stel is 'n groot eis, maar 'n eis met heerlike vrugte. Verder kan jy alleen God ken in al jou weë as jy elke dag uit die geloof – en met die Woord – leef. Op hierdie wyse het hierdie spreuk 'n baie gepaste boodskap in die laaste gedeelte van die twintigste eeu in Suid-Afrika.

## 9. SLOT

Die prediking uit Spreuke word dikwels verwaarloos – en hierdie artikel toon hopelik aan hoe daar met die nodige besinning baie vrugbaar uit die boek gepreek kan word.

## 10. BIBLIOGRAFIE

BLENKINSOPP, J. 1983. Wisdom and the law in the Old Testament. The ordering of life in Israel and early Judaism. Oxford : Oxford University Press.

CLEMENTS, R.E. 1983. Preaching from the wisdom literature. (*In* Cox, J.W. *ed*. Biblical preaching. An expositor's treasury. Philadelphia : Westminster press. p. 84-101.)

CRENSHAW, J.L. 1981. Old Testament wisdom. An introduction. Atlanta : John Knox Press.

DEIST, F.E. 1986. Die skrywer, sy teks en sy gehoor. (*In* Deist, F.E. *et al*. Woorde wat ver kom. Die literatuur van die Ou Testament I. Kaapstad : Tafelberg. p. 16-36.)

DEIST, F.E. *et al*. 1986. Woorde wat ver kom. Die literatuur van die Ou Testament I. Kaapstad : Tafelberg.

DIJK, K. 1955. De dienst der prediking. Kampen : Kok.

EYBERS, I.H. 1978. Gods Woord in mensetaal III. Die inhoud, ontstaan en boodskap van die "Geskrifte" in die Hebreeuse kánon. Durban : Butterworths.

HELBERG, J.L. 1983. Verklaring en prediking van die Ou Testament. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies.

KIDNER, D. 1969. The Proverbs. (Tyndale Old Testament Commentaries.) London : Tyndale Press.

KIDNER, D. 1985. An introduction to wisdom literature. The wisdom of Proverbs, Job & Ecclesiastes. Downer's Grove, Ill. : Inter-Varsity Press.

LOADER, J.A. 1986. Tekste met 'n wysheidsperspektief. (*In* Deist, F.E. *et al.* 1986. Woorde wat ver kom. Die literatuur van die Ou Testament I. Kaapstad : Tafelberg. p. 103-122.)

LOADER, J.A. 1987. Spreuke. (*In* Burden, J.J. *et al.* Tweegesprek met God. Die literatuur van die Ou Testament 3. Kaapstad : Tafelberg. p. 41-48.)

LONG, T.G. 1989. Preaching and the literary forms of the Bible. Philadelphia : Fortress Press.

MURPHY, R.E. 1978. Wisdom – theses and hypotheses. (*In* Gammie, J.G. *et al. eds.* Israelite wisdom. Theological and literary essays in honor of Samuel Terrien. New York : Union Theological seminary. p. 35-42.)

MURPHY, R.E. 1981. Wisdom literature. Job, Proverbs, Ruth, Canticles, Ecclesiastes, and Esther. (The forms of the Old Testament literature. Volume XIII.) Grand Rapids, Mich. : Eerdmans.

PREUSS, H.D. 1984. Das Alte Testament in christlicher Predigt. Stuttgart : Kohlhammer.

REVENTLOW, Henning Graf. 1985. Problems of the Old Testament theology in the twentieth century. Philadelphia : Fortress Press.

SCHÜTZ, W. 1981. Probleme der Predigt. Göttingen : Ehrenfried Klotz Verlag.